



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

HIDROLOGIESE NAVORSINGSINSTITUUT

TEGNIESE VERSLAG 84

**BEKAMPING VAN DIE INVLOED VAN  
VEROUDERING VAN WATERMONSTERS**

D. C. GROBLER

C. A. BRUWER

H. VAN VLIET

NOVEMBER 1978

INHOUDSOPGAVE

SAKEVATTING

TEGNIESE VERSLAG 84

INLEIDING

BEKAMPING VAN DIE INVLOED VAN VEROUDERING VAN WATERMONSTERS

BEHANDELINGS

ONTLEDINGSMETODES

STATISTIESE VERWERKINGS

RESULTATE

D.C. GROBLER

pH

C.A. BRUWER

EE

H. VAN VLIET

Kg

Ca

TAL

\$10<sub>2</sub>

K

Hidrologiese Navorsingsinstituut

Na

Departement van Waterwese

Pretoria

NH<sub>4</sub>

NO<sub>3</sub>

SO<sub>4</sub>

NOVEMBER 1978

BESPREKING

INHOUDSOPGawe

	Page
<u>SAMEVATTING</u>	1
<u>INLEIDING</u>	1
<u>MATERIAAL EN METODES</u>	4
BEHANDELINGS	4
telf van preservatiefgetrekte totale silisium en kalsium in grond	
ONTLEDINGSMETODES	6
STATISTIESE VERWERKINGS	7
met verwysing aan die stelsel wat gebruik word om die verhouding van silisium tot kalsium te bereken, wat gevind word dat daar so 'n groot verskil in gevind word tussen die behandelde en onbehandelde grond	
<u>RESULTATE</u>	7
pH	8
EG	8
Mg	9
Ca	10
TAL	10
SiO <sub>2</sub>	11
K	11
Na	12
NH <sub>4</sub>	12
NO <sub>3</sub>	15
SO <sub>4</sub>	15
F	16
<u>BESPREKING</u>	16



### SAMEVATTING

Veranderinge in die konsentrasie van die bestanddele van 'n watermonster as gevolg van veroudering is nagegaan oor 'n periode van 11 weke. Die effektiwiteit van preserveertegnieke soos die toediening van kwikchloried, verkoeling en 'n kombinasie van die twee vir die bekamping van veroudering is bepaal. Daar is gevind dat veroudering groot veranderinge in die meeste van die bestanddele tot gevolg het en dat slegs die toediening van kwikchloried die veroudering kon bekamp. Daar word aanbeveel dat daar so gou doenlik met 'n program begin word om alle watermonsters, wat geneem word vir chemiese ontleding, te preserveer met behulp van kwikchloried teen die aanbevole konsentrasie van 20 mg.kwik(II).dm<sup>-3</sup>.

### SUMMARY

Changes in the concentration of the constituents of a water sample as the result of storage were investigated over an eleven-week period. The effectiveness of preservation methods such as the addition of mercury chloride, cooling and a combination of the two for the prevention of ageing was determined. Sample storage caused large changes in most variables and only the use of mercury chloride stabilised samples. It is recommended that as soon as possible a programme should be established to preserve all samples collected for chemical analysis with mercury chloride at the recommended concentration of 20 mg mercury(II) per litre.

SI

een van die taak van die Departement Natuurhuishouding is die voorbereiting van 'n wisselmatekologiese en VFL-dienstesplan vir die oppervlakte van Suid-Afrika.

#### SAMEVATTING

Die resultate van su'n werk moet daaroor word blyk dat enige aanduiding is vir optimale benutting van die land as 'n grote waterhulpbronne. (Referensie 1972)

**Veranderinge in die konsentrasie van die bestanddele van 'n watermonster as gevolg van veroudering** is nagegaan oor 'n periode van 11 weke. Die effektiwiteit van preserveertegnieke soos die toediening van kwikchloried, verkoeling en 'n kombinasie van die twee vir die bekämping van veroudering is bepaal. Daar is gevind dat veroudering groot veranderinge in die meeste van die bestanddele tot gevolg het en dat slegs die toediening van kwikchloried die veroudering kon bekamp. Daar word aanbeveel dat daar so gou doenlik met 'n program begin word om alle watermonsters, wat geneem word vir chemiese ontleding, te preserveer met behulp van kwikchloried teen die aanbevole konsentrasie van  $20 \text{ mg.kwik(II).dm}^{-3}$ .

Tartum (pariese beskik) en dus monsters vanaf die hele land ontving in die gesig staan, is die verskering dat 'n watermonster geen konsentrasionele verandering ondergaan sal af die monster getrek is nie. Met ander woorde, die resultate van die analise moet concurrer met die oorspronklike toestand wat gehou is net so lank daarsoek as die monster geneem is.

Die is bekend dat, indien watermonsters by gestigde temperatuur gesit word, dit chemiese veranderinge onvergaan hoofsaaklik na wyle een biologiese aktiwiteit is (Friedmann, 1964; Loehr en Bergeson, 1967; Schauburg, 1971). Die hoek van hierdie verandering met tyd wat algemeen bekend staan as veroudering, is nie uit as deur die monster verouderdig nie, want dit word dikwels bekend staan as veroudering. Daarom dat ekogg in enkele voorstellingsstaat, word monsters voorverouder of afhouder en/of deur die byvoeging van konsentrasie gifstowwe (Hoffman, 1974; National Environmental Research Institute, Committee of Las Vegas, 1975; Mulbray en Moore, 1976). Hellwig (1964) het gevind dat effektiwigheid van 'n toestande kontaktes is om het verminderende effekte van preservative middels getoets en chemiese

## INLEIDING

Een van die take van die Departement Waterwese is die daarstelling van 'n waaktoetsingsprogram vir die chemiese gehalte van oppervlakwater in Suid-Afrika. Die resultate van so'n waaktoetsingsprogram word onder ander aangewend in die optimale benutting van die land se beperkte waterhulpbronne. Sedert 1972 is daar geweldig vordering gemaak met die daarstelling van

- (i) 'n monsternemingsorganisasie deur die afdeling Hidrologie,
- (ii) sentrale laboratorium geriewe by die Hidrologiese Navorsingsinstituut vir die chemiese ontleding van ongeveer 3 000 monsters elk vir 14 bestanddele per maand en
- (iii) die stoor van die chemiese gehalte en vloeい gegewens in 'n sentrale databank.

Een van die grootste probleme wat 'n organisasie wat alleenlik oor sentrale laboratorium geriewe beskik en dus monsters vanoor die hele land ontvang in die gesig staar, is die versekering dat 'n watermonster geen noemenswaardige verandering ondergaan nadat die monster getrek is nie. Met ander woorde, die resultate van die analise moet ooreenstem met die oorspronklike toestand wat geheers het op die oomblik toe die monster geneem is.

Dit is bekend dat, indien watermonsters by gematigde temperature gestoor word, dit chemiese veranderings ondergaan hoofsaaklik te wyte aan biologiese aktiwiteite in die monsters (Hellwig, 1964; Loehr en Bergeron, 1967; Schaumburg, 1971). Die heel beste manier om hierdie verandering met tyd, wat algemeen bekend staan as veroudering, te omseil is deur die monster onmiddellik nadat dit geneem is te ontleed. Aangesien dit slegs in enkele gevalle moontlik is, word monsters preserveer deur of afkoeling en/of deur die byvoeging van metaboliese gifstowwe (Hoffmann, 1974; National Environmental Research Centres, Corvallis en Las Vegas, 1975; Huibregtse en Moser, 1976). Hellwig (1964) het gevind dat afkoeling onder S.A. toestande onprakties is en het vervolgens die volgende preserveermiddels getoets om chemiese

verandering te verhoed: chloroform, tiemol, formalien, kalsiumsianied en kwik(II)chloried( $HgCl_2$ ). Hy het gevind dat  $HgCl_2$  die beste preserveermiddel was. Die werk is gedoen op monsters wat voorberei is deur een deel besinkte riool by vier dele water uit 'n natuurlike stroom te voeg. Die mengsel is verder verryk deur byvoeging van nitriet, nitraat en stysel. Die tydsuur van hierdie eksperiment was 8 dae.

Schaumburg (1971) het die doeltreffendheid van verskeie metale as preserveermiddels ondersoek en gevind dat  $Hg(II)$  die beste preserveervermoë : konsentrasie verhouding gee. Hy het ook aanbeveel dat tussen 2 en 25 mg  $Hg(II).dm^{-3}$  gebruik word vir die preservering van monsters waar 2 mg  $Hg(II).dm^{-3}$  voldoende is vir gewone oppervlakwater en 25 mg  $Hg(II).dm^{-3}$  vir water wat baie ryk is aan mikro-organismes. Die maksimum tyd waaroer hierdie eksperimente gedoen was, was 7 dae en hy het slegs die biologiese suurstofbehoefte en chemiese suurstofbehoefte bepaal. Die studies is ook op sinteties voorbereide monsters uitgevoer. Huibregtse en Moser (1976) het riglyne vir monsterneming en monsterpreservering ontwikkel deur middel van 'n oorsig van literatuur en bestaande veldpraktyke en gevind dat die gebruik van  $HgCl_2$  die beste preserveertegniek was. Hulle het konsentrasies van  $40\text{ mg}.dm^{-3}$  aanbeveel vir effens besoedelde water en  $400\text{ mg}.dm^{-3}$  vir meer besoedelde water. Huibregtse en Moser (1976) het egter voorgestel dat aansuring met swaelsuur na pH-waardes van 1,5 verkieslik bo  $HgCl_2$  was as gevolg van  $HgCl_2$  se toksisiteit en die gepaardgaande omgewingsbesoedeling by die weggooi van sulke gepreserveerde monsters. 'n Maksimum hou periode van 30 dae is aanbeveel. Hoffman (1974) meld dat  $HgCl_2$  as algemene preserveermiddel gebruik kan word teen 'n konsentrasie van  $40\text{ mg } HgCl_2.dm^{-3}$ . Die preserveertegniek beïnvloed die chloriedinhoud van die monster, verlaag die pH, maar bring geen verandering mee in die totale alkaliniteit en elektriese geleiding nie. Die maksimum hou periode word gegee as 7 dae (Hoffmann, 1974).

Die literatuur wat nagegaan is het nie aangedui watter ordegrootte veranderings

in 'n natuurlike oppervlakte watermonster verwag kan word nie, veral oor die relatief lang tydperke wat dikwels verloop tussen monsterneming en analise. Die maksimum hou periodes wat gegee word is ook beperk tot 'n maksimum van 30 dae en in baie gevalle slegs 7 dae.

Monsters wat met weeklikse tussenposes by 'n riviermeetstasie geneem word sou tipies die volgende pad volg: Die monster word volgens voorskrif geneem en in 'n oop kartonhouer in die monsternemer se kantoor geplaas waar dit blootgestel is aan die gewone binnenshuise lig en temperatuurtoestande. Aangesien vier monsters op 'n keer in 'n kartonhouer versend moet word, sal die eerste monster 'n minimum van 3 weke onder hierdie toestande staan, die tweede monster 2 weke en die derde monster 1 week as aangeneem word dat die monsters onmiddellik versend word nadat die vierde monster geneem is. Versending deur die pos duur ongeveer 1 week, waartydens die monsters nou in die donker, steeds aan gewone temperatuur=toestande blootgestel is. By ontvangs word die monsters registreer, en na die sentrale laboratorium versend. Hierdie prosedure neem ongeveer 2 dae. Wanneer die monsters by die laboratorium aankom word dit onmiddellik in die donker by 4°C gehou totdat dit na die laboratorium gaan vir analise. Daar verloop ongeveer 4 dae vandat 'n monster uit die koelkamer gehaal is totdat die laaste bestanddeel daarop bepaal is. Die tydperk wat 'n monster in die koelkamer deurbring wissel na gelang van die agterstand waarmee die laboratorium werk en kan wissel van 3 weke tot 3 maande.

Nadat die laaste bestanddeel op 'n monster bepaal is word die monster onder gewone binnenshuise lig en temperatuurtoestande gestoor totdat die ontledingsresultate verwerk is en daar besluit is of die analise korrek was. Hierdie stoor periode is ongeveer 2 maande.

As aangeneem word dat tydens die eerste ontleding van 'n monster, 'n korrekte analise verkry word, beteken dit dat die tydsverloop tussen die neem van 'n monster en die

ontleding daarvan wissel van 6 tot 8 weke. Vir 1 tot 4 weke hiervan is die monster blootgestel aan gewone temperatuurtoestande en vir die res daarvan word dit gehou by  $4^{\circ}\text{C}$  in die donker. 'n Monster wat wag vir 'n heranalise word daarbenewens vir nog ongeveer 2 maande blootgestel aan binnenshuise lig en temperatuur toestande.

Soos reeds aangedui is die byvoeging van chemikalië, waarvan  $\text{HgCl}_2$  waarskynlik die beste is, en verkoeling, die aangewese tegnieke om monsters te preserveer. Hierdie verslag beskryf die toepassing van beide tegnieke afsonderlik, asook 'n kombinasie van die twee, op 'n natuurlike watermonster verkry uit 'n eutrofe dam. 'n Evaluasie van die effektiwiteit in die preservering van verskillende bestanddele deur die verskillende tegnieke oor 'n periode van 11 weke word gemaak.

#### MATERIAAL EN METODES

##### BEHANDELINGS

'n Watermonster van  $40 \text{ dm}^3$  is op die oppervlakte naby die damwal van Roodplaatsdam geneem. Die dam is eutroof (Toerien, Hyman en Bruwer, 1975) en *Microcystis* (blou-groen alg) was opvallend in die monster. Die  $40 \text{ dm}^3$  monster is in 36 afsonderlike monsters van  $1 \text{ dm}^3$  verdeel terwyl voorsorg getref is teen segregasie van algsele en ander gesuspendeerde deeltjies deur diehouer met die  $40 \text{ dm}^3$  monster aanhoudend te skud. Die individuele  $1 \text{ dm}^3$  monsters is in  $1,5 \text{ dm}^3$  polietileen houers met digsluitende proppe gehou.

Die monsters is vervolgens ewekansig verdeel in vier groepe wat uit 9 monsters elk bestaan het. vier verskillende behandelings wat 3 preserveertegnieke en een kontrole behandeling ingesluit het is op die 4 groepe uitgevoer. Elke behandeling het dus uit nege herhalings bestaan. Die behandelings was die volgende:

- (a) Ongepreserveerde of kontrole behandeling: Die monsters is vir die duur van die eksperiment op 'n bank eenkant in die laboratorium gehou waar dit blootgestel was aan die heersende temperatuur en ligtoestande.
- (b)  $\text{HgCl}_2$ -behandeling: Die monsters het elk 'n byvoeging van  $1 \text{ cm}^3 \text{ HgCl}_2$ -oplossing ( $27,07 \text{ g HgCl}_2 \text{ per } 1 \text{ dm}^3$  gedeioniseerde water) ontvang om 'n finale konsentrasie van  $20 \text{ mg Hg(II).dm}^{-3}$  in die monster te gee. Vervolgens is die monsters van die behandeling eenkant op 'n bank in die laboratorium onder heersende lig en temperatuurtoestande gelaat vir die duur van die eksperiment.
- (c)  $4^\circ\text{C}$ -behandeling: Die monsters is in 'n koelkamer in die donker by  $4^\circ\text{C}$  gestoor vir die duur van die eksperiment.
- (d)  $\text{HgCl}_2$  en  $4^\circ\text{C}$ -behandeling: Die monsters het elk 'n byvoeging van  $1 \text{ cm}^3 \text{ HgCl}_2$ -oplossing ( $27,07 \text{ g HgCl}_2 \text{ per } 1 \text{ dm}^3$  gedeioniseerde water) ontvang om 'n finale konsentrasie van  $20 \text{ mg Hg(II).dm}^{-3}$  in die monster te gee. Vervolgens is die monsters van hierdie behandeling ook in 'n koelkamer by  $4^\circ\text{C}$  gestoor vir die duur van die eksperiment.

Nadat die monsters verdeel is en die  $\text{HgCl}_2$  bygevoeg is, is die monsters goed geskud en dadelik chemies ontleed. Onmiddellikhiera is die monsters gestoor soos beskryf onder die verskillende behandelings en een maal per week oopgemaak wanneer 'n hoeveelheid monster vir chemiese analise verwys is. Hierdie analise met weeklikse tussenposes is oor 'n periode van 11 weke herhaal.

Chemiese analyses is met weeklikse tussenposes op al die monsters vir die volgende bestanddele uitgevoer: pH, elektriese geleidingsvermoë (EG), totale alkaliniteit (TAL), natrium, kalium, kalsium, magnesium, sulfaat, nitraat, ammoniak, orto-fosfaat, fluoried en silika.

## ONTLEDINGSMETODES

Al die metodes wat gebruik is in hierdie ondersoek is ten volle geautomatiseer en word daaglik gebruik vir die analise van grond- en oppervlakte water in die chemiese laboratorium van die Hidrologiese Navorsingsinstituut.

Behalwe waar andersins aangedui word, is die analitiese instrumentasie, Technicon Auto Analyzer-modules, te wete:

Pompe : Technicon Proportioning Pump III

Monsternemers : Technicon Sample IV

Strookkaartregstreerders : Technicon Dualpen Recorder

Kolorimeters : Technicon single channel colorimeter

Alle analyses is teen 'n monsterfrekwensie van 30/h uitgevoer behalwe in die geval van ammonium en silika wat by 'n frekwensie van 40/h gedoen is.

In Tabel 1 word die analitiese konsentrasiegebied van elk van die metodes aangedui.

Vir volledigheidshalwe word 'n kort beskrywing van die chemiese beginsels waarop die analitiese tegnieke berus, in Bylaag 14 gegee.

TABEL 1 : Analitiese konsentrasiegebied van elk van die analisemetodes

<u>Bestanddeel</u>	<u>Konsentrasiegebied (mg.dm<sup>-3</sup>)</u>
Kalsium	: 1 - 200
Magnesium	: 0,75 - 150
Natrium	: 1 - 250
Kalium	: 0,3 - 60
Fosfaat	: 0,1 - 5

<u>Bestanddeel</u>	: <u>Konsentrasiegebied (mg.dm<sup>-3</sup>)</u>
Ammonium	: 0,02 - 2,0
Nitraat (plus nitriet)	: 0,1 - 10
Silika	: 0,5 - 20
Chloried	: 5 - 500
Sulfaat	: 2,5 - 250
Fluoried	: 0,02 - 5,0
Total alkaliniteit	: 10 - 500 mg.dm <sup>-3</sup> (as bikarbonaat)

#### STATISTIESE VERWERKINGS

Een rigting variansie analise volgens Snedecor en Cochran (1956) is uitgevoer op die weeklikse metings van elke bestanddeel, en die gemiddeldes vir die verskillende behandelings is met mekaar vergelyk vir betekenisvolle verskille. Daar is besluit om verskille by die 5% toetspeil as betekenisvol te beskou en in sulke gevalle is dit aangedui met 'n \*. Wanneer die verskille ook betekenisvol was op die 1% toetspeil is dit met \*\* aangedui. Die kleinste betekenisvolle verskil (KBV) tussen gemiddeldes asook die koëffisient van variasie (KV) is bereken volgens die metode van Tukey (Snedecor en Cochran, 1964).

#### RESULTATE

In bylae 1 tot 14 word die resultate van die weeklikse chemiese ontledings van al die monsters gegee. Die individuele waardes, die weeklikse gemiddelde vir elke behandeling en die betekenisvolheid van verskille tussen behandelingsgemiddeldes word gegee. KBV-waardes en KV-waardes word ook aangedui.

pH


0,5 & 50,0

Uit Bylaag 1 blyk dit dat die gemiddelde pH-waardes vir die verskillende behandelings tydens die eerste ontleding, week 0, vir alle praktiese doeleindes dieselfde was. Dit bevestig dat die byvoeging van  $HgCl_2$  by twee van die behandelings geen invloed op die pH-waardes of op die meting daarvan gehad het nie. Die verandering in die gemiddelde pH-waardes van die verskillende behandelings met die verloop van tyd word voorgestel in Figuur 1. Hieruit blyk dit dat die pH-waardes van 3 van die behandelings naamlik die  $HgCl_2^-$ , die  $-4^0C$ - en die  $HgCl_2$  en  $4^0C$ -behandelings dieselfde patroon volg oor die tydsverloop van 11 weke. Die gemiddelde pH-waardes van die ongepreserveerde behandeling is na een week reeds ongeveer 0,5 pH-eenhede hoër as by die ander behandelings en na 3 weke is die verskil reeds ongeveer 1,2 pH-eenhede. Hierdie verskil bly vir die res van die tyd naastenby konstant op hierdie waarde en dit is gelykstaande aan 'n 16% stygging bokant die oorspronklike gemiddelde pH-waarde van 7,6 wat tydens week 0 gemeet is.


In Bylaag 1 word ook aangedui dat daar hoogs betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde pH-waardes van die verskillende behandeling voorkom. Die KBV-waardes dui aan dat dit altyd die ongepreserveerde behandeling is wat deurentyd betekenisvol van die res van die behandeling verskil.

EG

Uit Bylaag 2 blyk dit dat die gemiddelde AG-waardes, tydens die week 0 metings, betekenisvolle verskille tussen die  $HgCl_2^-$  asook  $HgCl_2-4^0C$ -behandelings en die ongepreserveerde - asook  $4^0C$ -behandelings. Hierdie verskil kan toegeskryf word daaraan dat die byvoeging van  $HgCl_2$  die soutgehalte van die monsters en dus ook



FIGUUR 1 : Verandering in pH-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings




FIGUUR 2 : Verandering in EG-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings

die EG-waardes verhoog het. In Figuur 2 word gemiddelde EG-waardes van die verskillende behandelings teenoor tydsverloop weergegee. Die gemiddelde EG-waardes van die  $4^0\text{C}$ -behandeling volg dieselfde patroon as die  $\text{HgCl}_2^-$  en  $\text{HgCl}_2$  en  $4^0\text{C}$ -behandelings. Die gemiddelde EG-waardes van die ongepreserveerde behandeling in teenstelling hiermee daal van die begin af en bereik 'n minimum waarde van ongeveer  $32 \text{ mS.m}^{-1}$  na 11 weke. Die KBV-waardes in Bylaag 2 dui daarop dat die ongepreserveerde behandeling vanaf die eerste week betekenisvol verskil van die res van die behandelings. Die totale daling in die EG-waarde van die ongepreserveerde behandeling naamlik  $8 \text{ mS.m}^{-1}$  verteenwoordig 20% van die oorspronklike EG-waarde van ongeveer  $40 \text{ mS.m}^{-1}$ .

#### Mg

In Bylaag 3 word aangedui dat tydens die eerste ontleding presies dieselfde gemiddelde Mg-waarde vir al die behandelings verkry is. Dit wys daarop dat  $\text{HgCl}_2$  geen invloed op die Mg-waardes self of die meettegniek uitgeoefen het nie. In Figuur 3 word die gemiddelde Mg-waardes vir die verskillende behandelings teenoor tydsverloop aangedui. Nadat daar aanvanklik geen verskil tussen die behandelings voorgekom het nie is die gemiddelde Mg-waarde van die ongepreserveerde behandeling tydens die 3<sup>e</sup> week ongeveer  $0,7 \text{ mg.dm}^{-3}$  laer as die res van die behandelings. Die gemiddelde Mg-waarde van die ongepreserveerde behandeling daal vir die res van die tyd en die verskil in gemiddelde Mg-waardes tussen hierdie behandeling en die res van die behandelings is reeds  $1,3 \text{ mg.dm}^{-3}$  na 11 weke. As aangeneem word dat die oorspronklike Mg-waarde ongeveer  $19 \text{ mg.dm}^{-3}$  was verteenwoordig dit 'n 7% verandering. Volgens Bylaag 3 was die verskil in gemiddelde Mg-waardes tussen die ongepreserveerde behandeling en die res van die behandelings, vanaf week 3, deurentyd betekenisvol.




FIGUUR 3 : Verandering in Mg-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings

Ca


Uit Bylaag 4 blyk dit dat die gemiddelde Ca-Waardes vir die verskillende behandelings tydens die eerste ontledings nie betekenisvol van mekaar verskil nie. Dit skakel dus die moontlikheid uit dat  $HgCl_2$  byvoeging 'n invloed het op die Ca-waardes self of die meettegniek. Die gemiddelde Ca-waardes vir die verskillende behandelings word grafies teenoor tydsverloop voorgestel in Figuur 4. Dit blyk dat die gemiddelde Ca-waarde vir die ongepreserveerde behandeling na die tweede week betekenisvol laer is as by die res van die behandelings. Hierdie verskil in die gemiddelde Ca-waardes tussen die ongepreserveerde behandeling en die res van die behandelings neem toe vanaf ongeveer  $1,4 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  na twee weke tot  $11 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  na 11 weke. Die verskille vanaf die tweede week is betekenisvol. Die daling van  $11 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in die Ca-waardes na 11 weke in die ongepreserveerde behandeling verteenwoordig 'n 44% van die oorspronklike konsentrasie.

TAL

Uit Bylaag 5 blyk dit dat die gemiddelde TAL-waardes vir die verskillende behandelings tydens die eerste ontleding dieselfde was. Preservering met  $HgCl_2$  het dus ook hier geen invloed gehad op die TAL-inhoud self of op die meting daarvan nie. Figuur 5 word die gemiddelde TAL-waardes vir die verskillende behandelings teenoor tydsverloop voorgestel. Die gemiddelde TAL-waardes van die ongeserveerde behandeling is vanaf die tweede week laer as by die res van die behandelings. Die daling in die gemiddelde TAL-waarde by hierdie behandeling duur voort tot met die beëindiging van die eksperiment waar die verskil reeds ongeveer  $40 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  is. Dit verteenwoordig 'n 24% afname in die TAL-waarde oor 'n periode van 11 weke. Die verskil tussen die ongeserveerde behandeling en die res is betekenisvol vanaf die derde week. Tydens die tweede week verskil dit betekenis-



FIGUUR 4 : Verandering in Ca-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings

Totale alkaliniteit in  $\text{mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ 

FIGUUR 5 : Verandering in TAL-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings


vol van slegs die koelkamer behandeling soos blyk uit die KBV-waardes gegee in Bylaag 5.

### $\text{SiO}_2$


Die gemiddelde  $\text{SiO}_2$ -waardes was aanvanklik tydens week 0 dieselfde vir al vier behandelings (Bylaag 6). Die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  het dus hier geen onmiddellike invloed op die  $\text{SiO}_2$ -inhoud van die monsters of die meting daarvan gehad nie. In Figuur 6 word die gemiddelde  $\text{SiO}_2$ -waardes vir die verskillende behandelings teenoor tydsverloop voorgestel. Na die verloop van een week is die gemiddelde  $\text{SiO}_2$ -waarde vir die ongepreserveerde behandeling reeds  $0,5 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  laer as by die res van die behandelings. Die gemiddelde verskil in  $\text{SiO}_2$ -waardes tussen die ongepreserveerde en die ander behandelings neem verder toe en bereik 'n maksimum van ongeveer  $2,6 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  na 4 weke. Die verskille is vanaf die tweede week tot aan die einde van die eksperiment betekenisvol. Die daling van  $2,6 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in die ongepreserveerde monster verteenwoordig 'n 86% verandering in 4 weke in terme van die oorspronklike  $\text{SiO}_2$ -inhoud van  $3 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  van die monster.

### K

Uit Bylaag 7 blyk dit dat tydens die eerste ontleding van die monsters die gemiddelde K-waardes vir die verskillende behandelings dieselfde was wat aantoon dat die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  geen invloed op die K-inhoud self of die meting daarvan gehad het nie. Die gemiddelde K-waardes verkry vir die verskillende behandelings word teenoor tydsverloop voorgestel in Figuur 7. Tydens die eerste twee weke kom geen betekenisvolle verskille in die gemiddelde K-waardes tussen die verskillende behandelings voor nie. Teen die derde week was die gemiddelde



FIGUUR 6 : Verandering in SiO<sub>2</sub>-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings



FIGUUR 7 : Verandering in K-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings


K-waarde vir die ongepreserveerde behandeling ongeveer  $0,15 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  langer as vir die ander behandelings en hierdie verskil was volgens Bylaag 7 betekenisvol. Die gemiddelde K-waarde vir die ongepreserveerde behandeling bly volgens Figuur 7 langer as by die ander behandelings maar hierdie verskil is verder slegs betekenisvol tydens die 4<sup>e</sup> week, die 5<sup>e</sup> week en die 10<sup>e</sup> week. Die rede waarom hierdie verskille slegs in enkele gevalle betekenisvol is kan toegeskryf word aan die feit dat die grootte van die verskil wat waargeneem word naamlik  $0,1 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  waarskynlik van dieselfde orde grootte is as die inherente variasie van die meettegniek. As aangeneem word dat die oorspronklike K-waarde ongeveer  $3,3 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  was verteenwoordig hierdie daling van  $0,1 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in die K-waarde van die ongepreserveerde behandeling 'n 3% van die oorspronklike waarde.


#### Na

Daar was geen betekenisvolle verskille op enige stadium tussen die gemiddelde Na-waardes van enige van die behandelings waargeneem nie (Bylaag 8). Daar was ook geen noemenswaardige verskille onderling tussen die behandelings nie (Fig. 8). Dus het die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  nie die Na-waardes self of die meting daarvan noemenswaardig beïnvloed nie.

#### $\text{NH}_4$

Soos in Bylaag 9 aangedui word is die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waardes van al die behandelings in die omgewing van  $0,64 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  tydens die eerste ontleding. Die gevolg is dat aangeneem kan word dat die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  geen invloed op die  $\text{NH}_4$ -waardes self of die meting daarvan gehad het nie. Die verandering in die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waardes van die verskillende behandelings met betrekking tot tyd word aangedui in Figuur 9.






Dit is opvallend dat in hierdie geval die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waarde van die ongepreserveerde behandeling na slegs 1 week reeds met meer as die helfte van die oorspronklike waarde gedaal het. Tydens die 2<sup>e</sup> week daal dit tot 'n waarde na aan nul waar dit stabiliseer vir die res van verloop van die eksperiment. Die daling in die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waarde van die ongepreserveerde behandeling na 2 weke is gelykstaande aan 97% van die oorspronklike waarde. Tydens die 4<sup>e</sup> week begin die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waarde van die 4<sup>0</sup>C-behandeling ook skerp te daal. Die daling is in hierdie geval voltooi na die 6<sup>e</sup> week waar die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waarde van die 4<sup>0</sup>C-behandeling stabiliseer by 'n effens hoër waarde as wat die geval is by die ongepreserveerde behandeling. Vanaf die 1<sup>ste</sup> week is die verskil tussen die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waarde van die ongepreserveerde behandeling en die res van die behandelings betekenisvol. Tydens die 5<sup>e</sup> week verskil die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waardes van die  $\text{HgCl}_2^-$  en  $\text{HgCl}_2^- 4^0\text{C}$ -behandelings betekenisvol van die gemiddelde  $\text{NH}_4$ -waardes van die 4<sup>0</sup>C-behandeling en die ongepreserveerde behandeling. Hierdie situasie geld tot aan die einde van die eksperiment.

### $\text{NO}_3$

In Bylaag 10 word die gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waardes vir die verskillende behandelings gegee. Tydens die eerste ontleding kom daar klein verskille voor naamlik 'n gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waarde van  $0,80 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  vir die ongepreserveerde behandeling teenoor  $0,83 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  vir die  $\text{HgCl}_2^- 4^0\text{C}$ -behandeling. Hierdie verskille is egter nie betekenisvol nie en daar kan dus aangeneem word dat die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  nie 'n betekenisvolle invloed op die  $\text{NO}_3$ -inhoud self of op die meting daarvan gehad het nie. Geen betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waardes van die verskillende behandelings kan ook tydens die eerste drie weke aangeneem word nie. As die individuele waardes in Bylaag 10 egter nagegaan word



blyk dit dat daar dramatiese verskille tussen die  $\text{NO}_3$ -waardes van die individuele monsters in die ongepreserveerde behandeling na die eerste week ontstaan het. Die 5<sup>e</sup> en 9<sup>e</sup> monsters in hierdie groep het  $\text{NO}_3$ -waardes van  $0 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  gehad teenoor  $0,80 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  in die res van die monsters in daardie behandeling. Tydens die tweede week sien die situasie so daaruit;  $0,60 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  in die 1<sup>e</sup> monster,  $0 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  in die 2<sup>e</sup>, 3<sup>e</sup>, 4<sup>e</sup>, 5<sup>e</sup>, 6<sup>e</sup> en 9<sup>e</sup> monsters,  $1,6 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  in die 8<sup>ste</sup> monster en  $2,6 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  in die 7<sup>e</sup> monster. Hierdie groot variasie in  $\text{NO}_3$ -inhoud tussen individuele monsters in die ongepreserveerde behandeling duur voort tot die 8<sup>ste</sup> week waarna die  $\text{NO}_3$ -waarde in hierdie behandeling deurgaans laag bly. Groot variasie tussen die  $\text{NO}_3$ -waardes van individuele monsters kom ook tydens die 5<sup>e</sup> week voor in die  $4^{\circ}\text{C}$ -behandeling. In teenstelling hiermee is die variasie tussen individuele monsters in die  $\text{HgCl}_2^-$  en  $\text{HgCl}_2$  en  $4^{\circ}\text{C}$ -behandelings relatief klein.

In Figuur 10 word die gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waardes van die verskillende behandelings teenoor tydsverloop voorgestel. Aanvanklik verskil die gemiddeldes nie van mekaar nie maar vanaf die 4<sup>e</sup> week is die gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waarde van die  $4^{\circ}\text{C}$ -behandeling betekenisvol, hoër as by die res van die behandelings. Hierdie stygging in gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waarde neem toe totdat die gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waarde vir hierdie behandeling na 6 weke stabiliseer op ongeveer  $4,5 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$ . Dit gee 'n stygging van ongeveer  $3,8 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  of ongeveer 475% in terme van die oorspronklike  $\text{NO}_3$ -waarde van  $0,80 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ .

As die KBV-waardes in Bylaag 10 nagegaan word, blyk dit dat die gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waardes vir die ongepreserveerde behandeling vanaf die sesde week op hulle beurt ook betekenisvol laer is as die van die  $\text{HgCl}_2^-$  en  $\text{HgCl}_2$  en  $4^{\circ}\text{C}$ -behandelings. Die daling na 'n gemiddelde  $\text{NO}_3$ -waarde van  $0,04 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NO}_3$  na 11 weke in die ongepreserveerde behandeling verteenwoordig 'n 95% verandering vanaf die oorspronklike  $\text{NO}_3$ -waarde van  $0,80 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ .


$\text{PO}_4$


In Bylaag 11 kan gesien word dat tydens die eerste ontleding die gemiddelde  $\text{PO}_4$ -waardes van die verskillende behandelings weer van mekaar verskil het. Dit dui daarop dat die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  waarskynlik geen invloed op die  $\text{PO}_4$ -inhoud self, of op die meting daarvan gehad het nie. In Figuur 11 word die gemiddelde  $\text{PO}_4$ -waarde van die verskillende behandelings teenoor tydsverloop voorgestel.

Vanaf die eerste week is die gemiddelde  $\text{PO}_4$ -waarde vir die ongepreserveerde behandeling reeds betekenisvol laer as by die res van die behandelings. Die gemiddelde  $\text{PO}_4$ -waardes vir die  $4^{\circ}\text{C}$ -behandeling bly vanaf die 5<sup>e</sup> week konsekwent hoër as by die  $\text{HgCl}_2$  - en  $\text{HgCl}_2$  en  $4^{\circ}\text{C}$ -behandelings. Hierdie verskil is egter, volgens die KBV-waardes in Bylaag 11 slegs betekenisvol tydens die 8<sup>e</sup>, 9<sup>e</sup> en 11<sup>e</sup> weke. Die verskil tussen die gemiddelde  $\text{PO}_4$ -waardes van ongepreserveerde behandeling en die  $\text{HgCl}_2$  - en  $\text{HgCl}_2$  en  $4^{\circ}\text{C}$ -behandelings is ongeveer  $0,3 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$   $\text{PO}_4$ . Dit verteenwoordig 'n daling van 75% in terme van die oorspronklike  $\text{PO}_4$ -waarde van ongeveer  $0,4 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ .

$\text{SO}_4$

Uit Bylaag 8 blyk dit dat daar tydens die eerste ontleding geen betekenisvolle verskille in die gemiddelde sulfaat-waardes voorgekom het nie. Dit dui daarop dat die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  nie die  $\text{SO}_4$ -inhoud self of die meting daarvan beïnvloed het nie. Die gemiddelde  $\text{SO}_4$ -waardes vir die verskillende behandelings teenoor tydsverloop word in Figuur 12 aangedui. Dit blyk dat die gemiddelde  $\text{SO}_4$ -waarde vir die ongepreserveerde behandeling na 6 weke effens laer is as vir die res van die behandelings. Hierdie verskil in gemiddelde  $\text{SO}_4$ -waarde van ongeveer  $1 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$   $\text{SO}_4$  is slegs tydens die 9<sup>e</sup> week betekenisvol. Die rede hiervoor is dat hierdie verskil, naamlik  $1 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ , waarskynlik van dieselfde ordegrootte is as die





onderskeidingsvermoë van die meettegniek. Die verskil van  $1 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in die 9<sup>e</sup> week verteenwoordig 'n 5% verskil as aangeneem word dat die oorspronklike  $\text{SO}_4^{2-}$ -waarde  $20 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  was.


## F

Uit Bylaag 13 kan gesien word dat die gemiddelde F-waardes vir die verskillende behandelings tydens die eerste ontleding almal dieselfde was. Dit beteken dat die byvoeging van  $\text{HgCl}_2$  geen invloed op die Finhoud of die meting daarvan gehad het nie. Die gemiddelde F-waardes vir die verskillende behandelings word teenoor tydsverloop in Figuur 13 voorgestel. Dit blyk dat daar geen of slegs klein verskille tussen die gemiddelde F-waardes van die verskillende behandelings voorval. In Bylaag 13 kan gesien word dat nie een van die verskille betekenisvol is nie.

## BESPREKING

Daar is gevind dat veroudering groot veranderinge in die konsentrasie van 'n verskeidenheid van bestanddele in 'n watermonster teweeg kan bring. Van die preserveertegnieke wat getoets is, naamlik die toediening van  $\text{HgCl}_2$ , verkoeling en 'n kombinasie van die twee, het slegs die behandelings wat die toediening van  $\text{HgCl}_2$  ingesluit het, veroudering suksesvol beperk.

Een van die mees fundamentele aannames wat gemaak word in toepassing van 'n watergehalte waaktoetsingsprogram, is dat die konsentrasie van bestanddele, gevind tydens die ontleding van 'n monster, 'n getrouwe weergawe is van die toestand wat geheers het terwyl die monster geneem is. Indien nagelaat word om monsters te preserveer om veroudering te beperk sal hierdie aanname in die geval van sommige monsters dus foutief wees en kan geen waaktoetsingsprogram sinvol deurgevoer word.



FIGUUR 13 : Verandering in F-waardes met tyd soos beïnvloed deur vier behandelings

nie. Monsters waarin veroudering kan plaasvind kan nie vooraf identifiseer word nie. Die gevolg is dat preservering nie op 'n selektiewe basis toegepas kan word nie. Dit is belangrik om so gou as moontlik te begin met 'n program waar alle watermonsters wat geneem word, te preserveer met  $HgCl_2$ . 'n Algemene konsentrasie  $Hg(II)$  in die monsters van  $20 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  behoort voldoende te wees aangesien dit voldoende was vir water uit Roodeplaatdam wat besonderryk is aan voedingsstowwe en biologiese lewe.

#### GEVOLGTREKKINGS

1. Die drie preserveertegnieke het in geen geval (behalwe vir EG) 'n betekenisvolle verandering in die gemete bestanddele teweeggebring nie.
2. Die verandering in EG was alleenlik waargeneem by die  $HgCl_2$  - en  $HgCl_2$  en  $4^0C$ -behandelings en dit was te wyte aan die verhoging in soutgehalte as gevolg van die byvoeging van  $HgCl_2$  en wat dus deur die EG-waarde weerspieël word.
3. Die verhoging van EG as gevolg van die  $20 \text{ mg Hg(II)} \cdot \text{dm}^{-3}$  byvoeging is  $\sim 0,7 \text{ mS} \cdot \text{m}^{-1}$ , wat weglaatbaar klein is vir die toepassings wat met EG-waardes vir watergehalte doeleindes gemaak word.
4. By al die bestanddele wat getoets is, behalwe in die geval van natrium en fluoried, het die ongepreserveerde behandeling betekenisvol verskil van die res van die behandelings, op een of ander stadium gedurende die verloop van die eksperiment. Hierdie verandering word aan veroudering toegeskryf wat verhoed is in die behandelings waar  $HgCl_2$  bygevoeg is.
5. Die  $4^0C$ -behandeling waar slegs verkoeling as preserveertegniek gebruik is kon betekenisvolle veranderinge in ammonium, nitraat en ortofosfaat as gevolg van veroudering nie verhoed nie.

## RESUMÉ VAN VERSOES

## VERWYSINGS

6. By die ongepreserveerde behandeling het veranderings as gevolg van veroudering reeds in die eerste week plaasgevind. Waar verkoeling as preserveertegniek aangewend is het waarneembare veranderings as gevolg van veroudering min of meer vanaf die 4<sup>e</sup> begin week plaasgevind.
7. Die grootte van veranderings, as gevolg van veroudering het gewissel van 2 persent (vir kalium) tot 95 persent (vir nitraat) van die aanvanklike konsentrasie wat in die monster teenwoordig was.
8. Waar  $HgCl_2$  en  $HgCl_2$  tesame met verkoeling as preserveertegniek aangewend was het geen betekenisvolle verandering, as gevolg van veroudering, vir die duur van die eksperiment, naamlik 11 weke, voorgekom nie. Hierdie behandelings het veroudering dus suksesvol verhoed vir 'n minimumperiode van 11 weke.
9. Daar word aanbeveel dat alle watermonsters wat geneem word vir chemiese ontledings preserveer word met  $20 \text{ mg.Hg(II).dm}^{-3}$  om veroudering te bekamp.

## VERWYSINGS

- HELLWIG, J.H.R. 1964 Preservation of water samples. Int. J. Air. Wat. Poll. vol. 8, pp 215 - 228.
- HOFFMANN, J.R.H. 1974 Analytical Guide - Part I. Laboratory Techniques. National Institute for Water Research, CSIR, Pretoria.
- HUIBREGTSE, K.R. en MOSER, J.H. 1976 Handbook for sampling and sample preservation of water and waste water. Report no. EPA-600/4-76-049. U.S. Environmental Protection Agency, Cincinnati, Ohio 45268.
- LOEHR, R.S. en BERGERON, B. 1967 Preservation of waste water samples prior to analysis. Wat. Res. vol 1, pp 577 - 586.
- NATIONAL ENVIRONMENTAL RESEARCH CENTER - CORVALLIS, OREGON EN NATIONAL ENVIRONMENTAL RESEARCH CENTER - LAS VEGAS, NEVADA 1975 National Eutrophication Survey Methods 1973 - 1976 Working Paper no. 175. Office of Research and Development. U.S. Environmental Protection Agency.
- SCHAUMBURG, F.D. 1971 A new concept in sample preservation - poisoning and depoisoning. J. Wat. Pollut. Contr. Fed. vol. 43, pp 1671 - 1680.
- SNEDECOR, G.W. en COCHRAN, W.G. 1956 Statistical methods applied to experiments in agriculture and biology. The Iowa State University Press, Iowa, USA.
- TOERIEN, D.F., HYMAN, K.L. en BRUWER, M.J. 1975 A preliminary trophic status classification of some South African impoundments. Water S.A. vol. 1, pp 15 - 23.
- VERHOEF, L.H.W. en ENGELBRECHT, S.A. 1977 The automated simultaneous measurement of electrical conductance and pH of surface and ground water samples in a routine water analysis laboratory. Water S.A. vol. 3, pp 72 - 82.

BYLAAG 1 : Individuele pH-waardes, behandelings gemiddeldes, kleinste betekenisvolle verskille (KBV) en koëffisiënte van variasie (KV) vir 12 ontledings met weeklikse tussenposes

Behand.	Herh.	Weke											
		0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
Onge= preserveerd	1	7,62	7,42	7,65	8,70	8,80	8,63	8,38	8,46	8,56	9,90	9,36	9,46
	2	7,60	7,48	8,80	9,40	9,35	9,10	9,11	8,94	9,10	9,25	9,60	9,39
	3	7,60	7,55	8,87	9,40	9,20	9,13	9,17	9,18	9,37	9,51	9,51	9,33
	4	7,62	7,57	9,07	9,08	8,95	8,94	9,06	8,88	8,72	8,06	9,93	7,99
	5	7,62	8,34	8,70	8,80	8,82	8,99	9,44	9,52	9,70	9,89	7,84	9,77
	6	7,60	8,30	8,75	9,20	8,75	9,11	9,25	9,06	9,18	9,24	9,27	9,14
	7	7,60	7,44	7,55	7,72	7,50	7,87	9,40	9,58	9,59	9,64	9,70	9,47
	8	7,60	7,39	7,60	8,12	7,82	8,34	9,37	9,20	9,47	9,55	9,66	9,52
	9	7,60	7,88	8,30	9,30	8,70	8,82	9,39	9,29	9,42	9,43	9,27	8,90
Gemiddeld		7,61	7,71	8,37	8,86	8,65	8,77	9,17	9,12	9,23	9,39	9,34	9,21
$HgCl_2$ - Behandeling	1	7,60	7,16	7,35	7,62	7,50	7,65	7,73	7,65	7,67	7,76	7,77	7,92
	2	7,60	7,20	7,42	7,65	7,55	7,71	7,78	7,73	7,76	7,88	7,83	7,98
	3	7,50	7,22	7,40	7,60	7,50	7,58	7,77	7,63	7,70	7,74	7,91	8,00
	4	7,60	7,25	7,47	7,68	7,55	7,54	7,80	7,65	8,18	8,16	7,63	8,25
	5	7,60	7,25	7,50	7,67	7,55	7,87	8,11	7,89	7,95	7,95	7,95	8,27
	6	7,60	7,22	7,48	7,60	7,45	7,75	8,08	7,93	7,95	7,97	7,99	8,17
	7	7,60	7,28	7,48	7,65	7,45	7,53	7,84	7,73	7,99	7,97	8,08	8,08
	8	7,60	7,21	7,48	7,62	7,45	7,52	7,79	7,62	7,71	7,73	7,76	7,91
	9	7,60	7,19	7,48	7,70	7,50	7,59	7,84	7,67	7,83	7,84	7,84	7,99
Gemiddeld		7,59	7,22	7,45	7,64	7,50	7,64	7,86	7,72	7,86	7,89	7,85	8,06
$4^{\circ}C$ - Behandeling	1	7,62	7,32	7,40	7,65	7,45	7,44	7,46	7,36	7,43	7,51	7,61	7,72
	2	7,60	7,34	7,50	7,70	7,45	7,71	7,77	7,62	6,65	7,76	7,74	7,82
	3	7,43	7,31	7,50	7,62	7,40	7,60	7,74	7,54	7,60	7,55	7,88	7,74
	4	7,60	7,36	7,52	7,68	7,45	7,45	7,53	7,47	7,50	7,58	7,90	7,67
	5	7,62	7,37	7,52	7,65	7,42	7,59	7,71	7,65	7,75	7,81	8,04	7,84
	6	7,60	7,37	7,58	7,68	7,40	7,40	7,56	7,48	7,93	7,64	7,65	7,72
	7	7,60	7,41	7,60	7,70	7,45	7,53	7,69	7,59	7,89	7,90	7,81	7,87
	8	7,60	7,35	7,55	7,70	7,48	7,41	7,61	7,53	7,59	7,67	7,65	7,73
	9	7,60	7,34	7,56	7,75	7,45	7,65	7,76	7,64	7,72	7,75	7,68	7,87
Gemiddeld		7,59	7,35	7,53	7,68	7,44	7,53	7,65	7,54	7,56	7,68	7,77	7,78
$HgCl_2$ - $4^{\circ}C$ Behandeling	1	7,60	7,17	7,32	7,60	7,40	7,48	7,60	7,52	7,65	7,78	7,81	7,89
	2	7,60	7,19	7,44	7,60	7,45	7,52	7,54	7,48	7,67	7,79	7,77	7,91
	3	7,60	7,20	7,40	7,60	7,40	7,58	7,70	7,60	7,79	7,86	8,05	7,95
	4	7,60	7,18	7,35	7,60	7,50	7,78	7,91	7,74	7,96	7,89	8,26	8,03
	5	7,60	7,19	7,42	7,60	7,40	7,67	7,86	7,73	7,79	7,83	7,92	7,85
	6	7,60	7,24	7,50	7,68	7,50	7,72	7,88	7,76	7,81	7,84	7,90	7,88
	7	7,60	7,39	7,60	7,70	7,50	7,80	7,98	7,84	7,94	7,90	7,99	8,07
	8	7,60	7,33	7,45	7,62	7,40	7,52	7,68	7,49	7,64	7,65	7,73	7,80
	9	7,60	7,24	7,48	7,65	7,50	7,53	7,72	7,53	7,67	7,70	7,72	7,85
Gemiddeld		7,60	7,24	7,44	7,63	7,45	7,62	7,76	7,63	7,77	7,80	7,91	7,91
Betekenisvolheid	-	**	**	**	**	**	**	**	**	**	**	**	**
KBV	-	0,25	0,20	0,38	0,39	0,30	0,26	0,25	0,37	0,37	0,42	0,35	
KV	0,5	2,6	1,3	3,8	3,9	3,0	2,5	2,5	3,6	3,6	4,0	3,3	

- Dui daarop dat die gemiddeldes nie betekenisvol van mekaar verskil nie.

\*\* Dui daarop dat die gemiddeldes betekenisvol van mekaar verskil op die 1% toetspeil.

\* Dui op betekenisvolle verskille op die 5% toetspeil.

BYLAAG 2 : Individuale EG-waardes in  $\text{mS} \cdot \text{m}^{-1}$ , behandelings gemiddeldes, kleinste betekenisvolle verskille (KBV) en koëffisiënte van variasie (KV) vir 12 ontledings met weeklikse tussenposes

Behand.	Herh.	Weke											
		0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
Onge=preserved	1	39,7	38,9	39,0	38,6	36,4	37,0	37,6	37,4	36,9	35,3	32,6	31,7
	2	39,7	39,3	37,4	39,3	32,6	33,1	32,8	33,6	32,4	32,6	32,8	32,2
	3	39,7	39,0	37,6	39,0	33,2	33,2	33,0	33,7	32,1	32,2	32,0	32,0
	4	39,7	39,0	36,5	39,1	34,1	33,8	33,5	34,7	33,2	34,3	31,2	35,0
	5	39,7	37,9	37,2	28,0	35,2	34,4	33,1	33,1	31,0	31,4	39,8	31,1
	6	39,9	37,9	38,1	38,0	35,2	34,1	33,4	34,6	34,6	32,5	32,8	32,8
	7	39,9	40,0	40,3	40,0	38,7	38,5	35,6	33,0	33,4	31,0	31,4	31,3
	8	39,9	39,9	40,0	39,7	38,4	38,0	35,3	33,9	32,2	30,4	32,1	30,0
	9	39,9	38,9	38,7	38,9	36,0	35,4	33,8	33,8	32,5	30,9	32,9	32,3
Gemiddeld		39,8	39,0	38,3	39,0	35,6	35,3	34,2	34,2	33,1	32,3	33,1	32,0
$HgCl_2$ -Behandeling	1	40,4	40,4	41,0	40,2	39,7	40,0	40,1	40,2	39,7	40,0	40,1	40,4
	2	40,5	40,8	41,2	40,7	39,8	40,7	40,3	40,7	40,1	41,0	40,9	40,9
	3	40,4	40,3	40,8	40,3	39,2	39,7	39,6	40,8	39,1	39,7	40,0	40,3
	4	40,6	41,0	41,6	41,0	40,0	40,6	40,2	41,5	39,4	40,0	39,6	40,5
	5	40,3	40,6	41,2	40,7	39,8	39,5	39,2	41,1	39,2	39,2	40,2	39,7
	6	40,5	40,6	41,1	40,5	39,8	39,6	39,3	41,1	40,5	39,3	39,9	39,2
	7	40,8	41,0	41,6	41,2	39,8	40,0	39,5	41,0	42,1	39,6	40,3	40,0
	8	40,7	40,8	41,0	40,9	39,8	39,7	39,4	40,8	40,0	37,9	40,1	39,9
	9	40,8	40,8	41,0	40,8	39,8	39,8	38,8	40,3	39,6	37,8	40,7	39,8
Gemiddeld		40,6	40,7	41,2	40,7	39,7	40,0	39,6	40,8	40,0	39,4	40,2	40,1
$4^{\circ}\text{C}$ -Behandeling	1	39,6	39,6	40,3	39,2	39,2	39,5	39,7	39,4	39,5	39,5	39,6	39,8
	2	39,7	39,7	40,2	39,6	39,0	38,9	38,8	39,9	38,5	39,5	39,4	39,5
	3	39,7	39,6	40,2	39,6	38,9	39,1	38,9	40,1	38,5	39,1	39,9	39,6
	4	39,7	39,7	40,3	39,8	38,9	39,0	38,9	40,1	38,3	39,1	34,9	39,5
	5	40,2	40,8	41,0	40,2	39,6	39,6	39,4	40,9	38,9	39,3	40,1	39,4
	6	39,9	39,8	41,0	39,9	39,0	39,1	38,9	40,7	40,9	38,9	40,0	39,7
	7	39,8	40,0	41,4	40,0	39,2	39,3	39,0	40,4	41,5	39,0	39,5	39,4
	8	40,2	40,1	40,5	40,3	39,4	39,2	38,9	40,2	39,5	37,3	39,8	39,4
	9	40,1	40,1	40,6	40,1	39,2	39,0	38,6	39,6	38,9	37,2	39,9	39,3
Gemiddeld		39,9	39,9	40,6	39,9	39,2	39,2	39,0	40,1	39,4	38,8	39,2	39,5
